Donderdag, 30 Julie 2011

KALAHARI KUIERFEES EN KANSA PAK PROSTAATKANKER

Die gewilde Kalahari Kuierfees wat vanjaar weer van 22 tot 24 September in Upington aangebied word, gaan vanjaar 'n "blou" skynsel hê. Tans in SA word 1 uit elke 24 mans met prostaatkanker gediagnoseer en die statistiek het die Kalahari Kuierfees Direksie laat besluit om vanjaar vir ‘’n tweede keer saam met die plaaslike KANSA Upington/Kalahari Streek tak, hande te vat en deel te wees van hierdie belangrike bewusmakingsveldtog oor prostaatkanker. In 2010 was die Kalahari Kuierfees saam met KANSA betrokke om borskanker te beveg en tydens die Kuierfees is daar altesaam 503 gratis borsondersoeke gedoen en 100 verwysings na dokters is uitgereik.

Daarom is die amptelike Kalahari Kuierfees T-hemde vanjaar blou aangesien dit die internasionale kleur is vir prostaatkanker is. Die voorsitter van die Kalahari Kuierfees Direksie, mnr Danie Bruwer, sê soveel duisende mense woon jaarliks hierdie gesinsfees in die Kalahari by en statisties gesproke beteken dit daar ongeveer 7 000 van die 30 000 feesgangers gaan wees wat met kanker gediagnoseer sal word of daardeur geraak word wanneer ‘n lid van die gesin of familie daarmee gediagnoseer word.

Christa Stadler, streekbestuurder vir KANSA Upington Streek het gesê dat daar vanjaar by die KANSA kliniek op die Feesterrein gratis PSA toetse (prostaatkankertoets) uitgevoer gaan word. Daar is slegs 3 kanker voorkomende bloedtoetse op die mark waarvan prostaatkanker se toets een is. Die toets is slegs ‘’n prik toets waartydens ‘’n druppel bloed van die man geneem word en binne 5 minute die uitslag toon. Dit werk op dieselfde beginsel as ‘’n swangerskap toets. Sou die toets ‘’n positiewe uitslag toon, reik KANSA dadelik ‘’n verwysing na ‘’n patoloog of dokter uit. Hierdie toets is 94% akkuraat. Daar gaan ook gratis “p-balls” aan die mans uitgedeel word waarmee hulle in die privaatheid van ‘’n mobiele toilet, hul urienstroom kan “toets”.

Tydens die Kalahari Kuierfees gaan KANSA weer op die Donderdag oggend ‘’n “survivors” tee vir 100 kanker oorlewendes van Upington aanbied om vir hulle te laat besef dat hulle juis die rede vir KANSA se voortbestaan is en om ‘n voorbeeld vir mense te wees om kanker voorkomend op te tree. Daar gaan ook vanjaar valskermspronge tydens die Kuierfees ten bate van KANSA plaasvind.

/...vervolg.../

/...kansa2.../

Die hoofpoging by die Kalahari Kuierfees is om vir die eerste keer by ‘n fees in SA 500 gratis prostaat siftingstoetse te doen. By die KANSA kliniekstalletjie op die Kuierfeesterrein gaan 10 opgeleide susters die toetse aan feesgangers bied en indien daar enige afwykings opgetel word, sal die persoon na ‘n patoloog of uroloog verwys word. Feesgangers word hartlik uitgenooi om van hierdie gratis diens gebruik te maak. Die toetse word spesifiek gemik op mans van 40 jaar en ouer. Indien jonger mans egter enige simptome toon, sal hulle ook welkom wees. Simptome wat mag voorkom is probleme om te urineer, moeite om urienvloei te begin of te eindig, swak straal, brand of pyn, bloeding en familiegeskiedenis. Die ondersoeke word privaat en vertroulik gedoen.

Navrae kan direk aan die Kalahari Kuierfeeskantoor (054 332 1100) of KANSA Upington/Kalahari Streekkantoor (054 332 4937) gerig word.

/END